dagstukkies met Elize

Daagliks by www.tygerberg104fm.co.za/blog

19 JUNIE 2019

2 Petrus 3:7: #Vuur
"God het presies so – deur sy Woord – beskik dat die hemele en die aarde deur vuur verteer sal word op die dag wat die goddelose mense veroordeel en verdelg sal word."

Ons leef in hierdie afwagtingstyd tussen die Eerste en die Tweede Koms. Die afspraak is reeds gemaak. Ons het die sekere wete Jesus se Wederkoms is op God se program vir ons lewens. Daarom kan ons in die lig van Jesus se Tweede Koms lewe en die wete van wederkomsseën geniet. Dit is ons toegangskaartjie tot God se ewige huis.Hy is self so ernstig oor Jesus se Tweede Koms, dat Hy ons in die Woord daarop voorberei.

In Noag se tyd was die aarde verdelg deur water. Blou op blou. Met die Wederkoms is dit 'n oordeelsvuur. Rooi op rooi. As volgelinge van Jesus bly ons die vuur gespaar. Sy Tweede Koms is eerder 'n winkende vlam in die donkerte wanneer ons nie weet hoe om te lewe nie. God se warme deernis deur Jesus is 'n dubbele porsie bevrydingsgenade. Dit word 'n verborge verlange in ons harte, hierdie vlamlig van die Heilige Gees. Daarom moet ons nie leef asof daar geen Wederkoms gaan wees nie. Ons moet ons voorberei om ook nou deur sy toekomstige teenwoordigheid aangeraak te word.

Vrede / Shalom